HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

VOLUME 9 SEDERT 1959 * SAAI OM TE OES 14 MAART 2025

WESGROW TRIO
15
MAART

WESGROW VOORTREKKER
21

SKOLE SLUIT
31

Volg JF SOSIALE MEDIA

op Facebook @JFAmptelik
op TikTok @jfamptelik
op Instagram @jfamptelik
#DROOMGROOTDROOMJF
www.jf.co.za

2025 Maart

MON	TUE	WED	THU	FRI	SAT	SUN
					1	2
3	4	5	6 Atletiek: FSHSAO JFFJ: Koshuisuitreik	7 Atletiek: FSHSAO Wêreldbiddag vir vroue Rugby: Pa-en-Seunaand	8 Atletiek: FSHSAo Rugbyliga: Burgersdorp (w) Wêreldbiddag vir mans	9
10 TOETS week 1 begin	11	12	13 SAMO Wiskunde: Olimpiade	14 **Opedag** Atletiek: VS, ASA (o/16, o/18, o/20, o/23 en seniors) Wesgrowliga: Trio (w) Redenaars: Oppietong-af - Inskrywings:	15 Atletiek:VS, ASA Kampioenskap (o/16, o/18, o/20, o/23 en seniors.) Wesgrow-liga: Trio (w)	16
17 TOETS week 2	18	19 Wesgrow-liga: Hokkie 1ste span vs Voortrekker	20	21 Wesgrow-liga: Vooretrekker (T)	22 Atletiek: AFS-Liga 5 Hokkie: 1ste spanne na Oos-Londen	23
24 TOETS week 3	25	26	27	28 Hokkietoer: 1ste spanne na Pukke	29	30
31 Skool sluit	1	2 Hokkietoer: o/14 seuns en dogters na Pukke Atletiek: SA-skole	3 Hokkie: Elsie Coetzer-toernooi Atletiek: SA-skole	4 Atletiek: SA-skole	5	6

SKOOL OPEN 8 APRIL 7:25

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

100% Slaagsyfer

2024

201 MATRIEKS

92.5% UNIVERSITEITSTOELATING

284 VAKONDERSKEIDINGS

23 Leerders behaal 'n gemiddeld van 80% en hoër

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

HERMERK

8 ONDERSKEIDINGS



90.6% ELSERI VENTER TOP 50 IN VS

90.0% +ALPHA WISKUNDE JANA ROSSOUW TOP 50 IN VS

7 ONDERSKEIDINGS

88.6% SULETTE MALHERBE TOP 50 IN VS

KARIEN FRONEMAN

6 ONDERSKEIDINGS

LIZE VILJOEN

KARLA VISSER

LUISE JANSE VAN RENSBURG

CHRISTIAN STRYDOM

DANELLE PIENAAR

ROECHELLE VD MERWE

5 ONDERSKEIDINGS

TIARD DE KERK

JONÉ THEUNISSEN

LINDSEY NEVELING

MILA VAN DEN BERG

SUNIKE VAN WYK

MEGAN PIENAAR

Baie geluk

ALZAAN GELDENHUYS

DRIKUS GIBBONS

KIARA SCHRÖDER

NELRI VENTER

JANDRÉ VAN DEN BERG

ANNEKE VELDTSMAN

11 LEERDERS - 4 ONDERSKEIDINGS

16 LEERDERS - 3 ONDERSKEIDINGS

25 LEERDERS - 3 ONDERSKEIDINGS

34 LEERDERS - 3 ONDERSKEIDINGS

TOETSROOSTER

TOETSREEKS – 10 TOT 28 MAART 2025

REËLINGS

Volgens departementele voorskrifte moet daar in meeste vakke ‘n assessering vir kwartaal 1 plaasvind in die vorm van ‘n toets. Meeste toetse word daagliks vanaf 12:30 tot 13:40 geskryf. Daar word in hierdie tyd ook voorsiening gemaak vir leerders met ekstra skryftyd. Sekere vraestelle is egter, volgens departementele voorskrifte, langer as 1 uur en leerders sal dus later as 13:40 voortgaan met die betrokke vraestelle. Indien die vraestel langer as een uur is, sal die vakpersoneel reëlings met die betrokke vakgroep tref. Sommige Graad 8 en 9 vraestelle neem die vorm van ‘n assesseringstaak aan. Vakpersoneel sal die reëlings rondom hierdie take aan leerders deurgee. Alle grade gaan elke dag normaal aan met skool tot 12:05.

1. **Die skooltye tydens die toetsreeks is as volg:**

07:25 tot 07:57	Periode 1
07:57 tot 08:30	Periode 2
08:30 tot 09:02	Periode 3
09:02 tot 09:35	Periode 4
09:35 tot 09:55	Pouse
09:55 tot 10:27	Periode 5
10:27 tot 11:00	Periode 6
11:00 tot 11:33	Periode 7
11:33 tot 12:05	Periode 8
12:05 tot 12:20	Pouse
12:20	Aantree by toetslokale
12:30 tot 13:40	Toetsperiode

- **Leerders wat op ‘n betrokke dag ‘n vraestel skryf, moet reeds om 12:20 by die toetslokale wees sodat administratiewe reëlings getref kan word. Graad 8 en 9 leerders skryf alle vraestelle in registerklasverband in die registerlokale. Graad 10 tot 12 leerders sal in spesifieke lokale ingedeel word vir die skryfsessie. Hierdie lokale sal later aan leerders bekend gemaak word.**
- **Leerders wat nie op ‘n betrokke dag skryf nie, sal om 12:05 verskoon word. Hierdie leerders moet asseblief die skoolterrein verlaat en nie ‘n steurnis wees vir leerders wat nog toetse skryf nie.**
- **Leerders wat afwesig is tydens toetse moet ‘n mediese sertifikaat inhandig en ‘n reëling met vakpersoneel tref om die toets in te haal.**
- **Op 14 Maart vind die graad 7 Opedag plaas. As gevolg hiervan word die toetse vroeër in die dag geskryf sodat die skool in gereedheid gebring kan word vir die opedag. Alle leerder volg die normale skoolrooster (dag 6) vanaf 07:30. Die skryfsessie vir alle grade sal vanaf 09:30 tot 10:30 wees. Die res van die dagprogram sal later in detail deurgegee word en die skool sal om 13:00 verdaag.**
- **Op 28 Maart sluit die skool om 09:00. Leerders wat op 28 Maart by skryfsessies betrokke is, moet dus om 07:45 by die toetslokale aanmeld en die skryfsessie sal van 08:00 tot 09:00 wees.**
- **Hierdie is ‘n toetsreeks en nie eksamen nie. Skool gaan elke dag normaalweg voort en die toets word aan die einde van die dag geskryf. Personeel gaan normaalweg voort met onderrig in klastyd en daar sal ook huiswerk gegee word. Leerders wat deur die dag afwesig is van skool sal nie toegelaat word om die toets op die betrokke dag te skryf nie.**

Sterkte! Sterkte! Sterkte!

GRAAD 8

17 MAART MAANDAG	8	NW - Mat	12:30 tot 13:30	A K1	B K105	C K110	D K206	E K112	F K2	G K107	H K25
18 MAART DINSDAG	8	WISK	12:30 tot 13:30	A K1	B K105	C K110	D K206	E K112	F K2	G K107	H K25
19 MAART WOENSDAG	8	NW - L	12:30 tot 13:30	A K1	B K105	C K110	D K206	E K112	F K2	G K107	H K25
20 MAART DONDERDAG	8	EBW	12:30 tot 13:30	A K1	B K105	C K110	D K206	E K112	F K2	G K107	H K25
24 MAART MAANDAG	8	SK	12:30 tot 13:30	A K1	B K105	C K110	D K206	E K112	F K2	G K107	H K25
25 MAART DINSDAG	8	SW - GESK	12:30 tot 13:30	A K1	B K105	C K110	D K206	E K112	F K2	G K107	H K25
26 MAART WOENSDAG	8	WISK - TAAK	12:30 tot 13:30	A K1	B K105	C K110	D K206	E K112	F K2	G K107	H K25
27 MAART DONDERDAG	8	AFR - V2	12:30 tot 13:30	A K1	B K105	C K110	D K206	E K112	F K2	G K107	H K25

GRAAD 9

17 MAART MAANDAG	9	EBW	12:30 tot 13:30	A K29	B K32	C K109	D K31	E K208	F K13	G K21	
18 MAART DINSDAG	9	WISK	12:30 tot 13:30	A K29	B K32	C K109	D K31	E K208	F K13	G K21	
19 MAART WOENSDAG	9	ENG	12:30 tot 13:30	A K29	B K32	C K109	D K31	E K208	F K13	G K21	
20 MAART DONDERDAG	9	TEGN	12:30 tot 13:30	A K29	B K32	C K109	D K31	E K208	F K13	G K21	
24 MAART MAANDAG	9	AFR - V2	12:30 tot 13:30	A K29	B K32	C K109	D K31	E K208	F K13	G K21	
25 MAART DINSDAG	9	WISK - TAAK	12:30 tot 13:30	A K29	B K32	C K109	D K31	E K208	F K13	G K21	
26 MAART WOENSDAG	9	SW - GEO	12:30 tot 13:30	A K29	B K32	C K109	D K31	E K208	F K13	G K21	
27 MAART DONDERDAG	9	SK	12:30 tot 13:30	A K29	B K32	C K109	D K31	E K208	F K13	G K21	

GRAAD 10

17 MAART MAANDAG	10	RTT	12:30 tot 13:30	K 106	K 203	K 34	K 24				
18 MAART DINSDAG	10	GEO VBS MUSIEK	12:30 tot 13:30	GEO K108	VBS K9	VBS K108	MUSIEK K20				
19 MAART WOENSDAG	10	IGO	12:30 tot 13:30	K28	K19						
20 MAART DONDERDAG	10	FW KUNS	12:30 tot 14:30 12:30 tot 13:30	FW K24	FW K34	FW K108	KUNS K108				
24 MAART MAANDAG	10	WISK WWWG	12:30 tot 13:30	W K24	W K3	W K108	W K9	WWWG K106	WWWG K203	WWWG K34	
25 MAART DINSDAG	10	LW	12:30 tot 13:30	LW K24	LW K34	LW K108	LW K3				
26 MAART WOENSDAG	10	DRAMA	12:30 tot 13:30	DRAMA K203							
27 MAART DONDERDAG	10	REK	12:30 tot 13:30	REK K24	REK K106	REK K34					

GRAAD 11

17 MAART MAANDAG	11	LO	12:30 tot 13:30	A K3	B K26	C K202	D K209	E K9	F K205		
18 MAART DINSDAG	11	IGO	12:30 tot 13:30	K28	K19						
19 MAART WOENSDAG	11	WISK WWWG	12:30 tot 13:30	W K3	W K26	W K202	W K209	WWWG K9	WWWG K205	WWWG K104	
20 MAART DONDERDAG	11	REK	12:30 tot 13:30	K3	K26						
24 MAART MAANDAG	11	FW KUNS	12:30 tot 14:30 12:30 tot 13:30	FW K26	FW K202	FW K209	KUNS K209				
25 MAART DINSDAG	11	TRSM	12:30 tot 13:30	TRSM K9	TRSM K205						
26 MAART WOENSDAG	11	BEST	12:30 tot 13:30	BEST K9	BEST K205						
27 MAART DONDERDAG	11	EKON GEO VBS MUSIEK	12:30 tot 13:30	EKO K26	GEO K202	VBS K209	VBS K9	MUSIEK K26			

GRAAD 12

17 MAART MAANDAG	12	KUNS	12:30 tot 13:30	K204							
18 MAART DINSDAG	12	GEO	12:30 tot 13:30	K28							
19 MAART WOENSDAG	12	FW TRSM	12:30 tot 14:30 12:30 tot 14:00	FW K204	FW K207	TRSM K30	TRSM K12				
20 MAART DONDERDAG	12	EKON VBS	12:30 tot 14:00 12:30 tot 14:00	EKON K207	VBS K204	VBS K28					
24 MAART MAANDAG	12	WISK WWWG	12:30 tot 13:30	W K30	W K12	W K210	WWWG K28	WWWG K204	WWWG K207		
25 MAART DINSDAG	12	BEST MUSIEK	12:30 tot 13:30	BEST K30	BEST K28	MUSIEK K28					
26 MAART WOENSDAG	12	REK	12:30 tot 14:00	REK K30	REK K12						
27 MAART DONDERDAG	12	AFR	12:30 tot 13:30	A K30	B K12	C K210	D K28	E K204	F K207		
28 MAART VRYDAG	12	LO	07:30 tot 08:30	Soos gereël							

MA`S WAT OMGEE

Wees bly oor die wonderlike toekoms wat God vir julle beplan. Volhard in tye van swaarkry; moenie verslap in die gebed nie

Rom. 12:12

UIT DIE KANTOOR VAN DIE LOO

LEERDER
ONDERSTEUNING
ONTWIKKELING

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

’N SUKSESVOLLE BEROEPEDAG: ‘N DAG VAN INSPIRASIE EN GELEENTHEDE

Die afgelope Beroepedag was ‘n groot sukses en het ‘n blywende indruk op beide leerders en uitstallers gelaat. Dit was ‘n dag gevul met waardevolle inligting, loopbaanverkenning en inspirerende gesprekke wat die toekoms van baie jongmense kon rig.

Uitstallers van verskeie industrieë het die dag bygewoon om hul beroepe en loopbaanmoontlikhede met leerders te deel. Van mediese beroepe en landbou tot kreatiewe velde en entrepreneurskap – daar was iets vir almal. Die leerders het eerstehandse kennis gekry van watter vaardighede en kwalifikasies vir verskillende loopbane benodig word.

Die Beroepedag het nie net leerders aan verskillende beroepe blootgestel nie, maar hulle ook geïnspireer om hul drome na te jaag. Gassprekers het die graad 12’s aangemoedig om hard te werk en hul passie te volg, om opgewonde te wees oor hul toekoms en te weet: Hulle het vele moontlikhede en geleenthede wat vir hulle wag.

Ons wil ook graag ons dankbaarheid betoon aan die uitstallers wat die dag bygewoon het.

- Universiteit van die Vrystaat (Kovsies)
- Noordwes Universiteit (Pukke)
- Akademia
- CTU
- Aros
- BASA
- Boston City Campus
- Eduvos
- ETA
- Food and Beverage Institute
- I3A
- Olive sjefskool
- OVC
- Peritum Agri Instituut
- Potchefstroom Akademie
- Qualitas Career Academy
- Rhodes University
- Route Management (SA Truck Bodies)
- Sol-Tech
- The Aleit Academy

Dankie aan die Universiteit van die Vrystaat wat die dag vir ons geborg het en hul vir positiewe gesindheid om ons leerders vir die toekoms te bemagtig. Fakulteite van die Universiteit van die Vrystaat het gesorg dat leerders eerstehandse informasie kon bekom.

Met soveel positiewe terugvoer van leerders en uitstallers, was dit duidelik dat die Beroepedag ‘n reusesukses was. Dit het ‘n belangrike rol gespeel in die leerders se beroepskeuses en hulle gehelp om met groter selfvertroue na hul toekoms te kyk. Ons sien reeds uit na volgende jaar se Beroepedag, waar ons weer nuwe geleenthede en inspirasie kan bied!

NAUTILUS

Baie geluk aan die volgende leerders met hulle mooi prestasies gedurende die eerste Nautiluskamp van die jaar:

Graad 9

2de: Cara Hoffman

Graad 11 + 12

1ste: Lineé Lubbe

#TROTSJF

SPORT

KARATE

Karate Suid-Afrika Nasionale Kampioenskappe

Die volgende twee leerders het die afgelope naweek aan Karate Suid-Afrika se Nasionale Kampioenskappe in Durban deelgeneem en het die volgende uitslae behaal:

Divan Venter het ‘n goue medalje verwerf in Junior Kumite 16/17 jaar afdeling.

Cara Hoffman het ‘n brons medalje vir kumite ingepalm, asook ‘n brons medalje vir span-kumite.

OPEWATERSWEM

Clarika van den Hever het deelgeneem aan die Midmar Myl vir E5 meisies 13 en onder/Dames 31 en ouer. Sy het dit voltooi in ‘n tyd van 00:41:59.

Free State Laser Run League 4

AJ Theron het deelgeneem aan die Free State Laser Run League 4 op die 3de Maart 2025, en het eerste gekom in die o/19 manskategorie.

AJ is tans net 2 min. 27 sek. weg van die Protea kwalifiserende tyd.

#trotsJF

SPORT

VRYSTAAT ATLETIEKKAMPIOENSKAPPE

BAIE GELUK
ANRI RAUTENBACH

D o/16: Hoogspring 1.66 m
Sy verbeter ook die rekord.

1

BAIE GELUK
MINÉ KRIEK

1

D o/16:
Driesprong 9.90 m

3

D o/16:
Verspring 4.71 m

BAIE GELUK
HANEL BROWNE

1

D o/17:
Driesprong 11.34 m

1

D o/17:
Verspring 5.47 m

BAIE GELUK
AMONÉ VERWEY

1

D o/19:
200 m 00:25.44

2

D o/19:
Verspring 5.39 m

BAIE GELUK
JOAH DE VILLIERS

S o/14:
Driesprong 11.79 m

1

BAIE GELUK
CONRAD VAN DER ZWAARD

1

S o/19:
Gewigstoot 14.95 m

2

S o/19:
Diskus 48.11 m

#trotsJF

#trotsJF#trotsJF#trotsJF

SPORT

VRYSTAAT ATLETIEKKAMPIOENSKAPPE

BAIE GELUK
FRANZELLE BARNARD

2

D o/14:
Hoogspring 1.55 m

3

D o/14:
400 m 00:62.65

BAIE GELUK
SIMONÉ DU TOIT

D o/15:
Spiesgooi 30.75 m

2

BAIE GELUK
DANELL OELOFSE

D o/17:
2000 m-hindernis 07:53.28
D o/17:
3000 m 10:41.35

2

BAIE GELUK
ZANELLE CARELZEN

D o/16:
Spiesgooi 34.71 m

2

BAIE GELUK
JOHANEY DU TOIT

D o/19:
Hamergooi 41.32 m

2

BAIE GELUK
JARETH SCOTT

S o/16:
Driesprong 12.53 m

2

#trotsJF#trotsJF#trotsJF

SPORT

VRYSTAAT ATLETIEKKAMPIOENSKAPPE

BAIE GELUK
NELDRI DU TOIT

D o/16:
Hamergooi 45.93 m

3

BAIE GELUK
MARUNÉ DREYER

3

D o/16:
100 m 00:13.19

3

D o/16:
100 m-hekkies 00:15.22

4de plekke:
D o/14: Safiya Sampson 1500 m-hindernis 05:49.68
D o/15: Dané Neethling 200 m 00:26.78
D o/15: Dané Neethling 400 m 00:60.17
D o/16: Neldri du Toit Gewigstoot 10.44 m
S o/15: Nico Coetzee 200 m 00:23.97
S o/15: PN Roux Hamergooi 36.09 m
S o/16: Ruan Kruger Hamergooi 45.00 m

5de plekke:
D o/14: Safiya Sampson 3000 m 12:33.78
D o/15: Rukaiya Sampson Verspring 4.67 m
D o/17: Alinca Smit 200 m 00:28.13

6de plek: Seuns o/14: Levis Du Preez Spiesgooi 40.00 m

7de plekke:
Seuns o/14: Joah De Villiers Verspring 5.39 m
Seuns o/17: Regan De Villiers Hoogspring 1.75 m

8ste plekke:
Dogters o/16: Marune Dreyer Spiesgooi 28.36 m
Dogters o/19: Johaney du Toit Gewigstoot 9.42 m
Seuns o/16: Jareth Scott Verspring 5.93 m

10de plek: Seuns 0/16: Jaco Taljaard Hoogspring 1.55 m

13de plek: Seuns o/14: Jan-Harm Siebert Hoogspring 1.45m

#trotsJF #trotsJF #trotsJF #trotsJF

ATLETIEK

Baie geluk aan die volgende leerders wat vir die Vrystaat Hoërskole atletiekspan gekies is:

Amoné Verwey - 200 m en verspring
Johaney du Toit - Hamergooi
Danelle Oelofse - 3000 m en 2000 m hindernis
Hanel Browne - Verspring en driesprong
Anri Rautenbach - Hoogspring
Neldri du Toit - Hamergooi
Franzelle Barnard - Hoogspring
Maruné Dreyer - 100 m (H)
Nico Coetzee - 200 m
Joshua Oosthuizen - 100 m
Conrad van der Zwaard - Gewigstoot en diskus

Hulle gaan vanaf 2-5 April aan die SASA-Kampioenskappe in Bloemfontein deelneem.

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES

ATLETIEK

ATLETIEK

SPORT

TROMPOPPIES

Die Trompoppies het 8 Maart deelgeneem aan hul eerste kompetisie vir die jaar en baie goed presteer.

Non Prop Solos
1ste plek met 'n silwer prestasie - Caylin Pieterse
2de plek met 'n brons prestasie - Evolym De Bruyn

Flag Solos
3de plek - Caylin Pieterse
4de plek - Andonè Booysen

Mace Solos
2de plek - Kay-Leigh Liddle

Baton Solos
1ste plek met 'n goue prestasie - Kay-Leigh Liddle

Pom Solos
1ste plek - Nicole van der Merwe

Baton Duo
1ste plek met 'n goue prestasie - Kay-Leigh Liddle en Olehile Nakanyane

Flag Duo
1ste plek met 'n goue prestasie - Kay-Leigh Liddle en Olehile Nakanyane

Pom Duo
2de plek - Caylin Pieterse en Olehile Nakanyane
1ste plek - Nicole van der Merwe en Monique van der Merwe

Mace Mini Groep
Silwer prestasie

Flag Mini Groep
Goue prestasie

#trotsJF

LIGA-

Bepalings

15 MAART	JF vs. TRIO	(W)
21 MAART	JF vs. VOORTREKKER	(T)
12 APRIL	JF vs. FICHARDTPARK	(T)
17 MEI	JF vs. SENTRAAL	(T)
31 MEI	JF vs. DIAMANTVELD	(W)
26 JULIE	JF vs. WITTEBERG	(W)
2 AUGUSTUS	JF vs. GOUDVELD	(T)

RUGBY

2025 H/S JIM FOUCHÉ RUGBYKALENDER

GREEN MACHINE

FEBRUARIE

22	PRES. STEYN SPORTDAG

MAART

01	FICHARDTPARK SPORTDAG
08 WEG	BURGERSDORP
15 WEG	TRIO
21 TUIS	VOORTREKKER
30	GLENWOOD TOER

APRIL

12 TUIS	FICHARDTPARK
30	BERGSIG TOER

MEI

10 TUIS	HTS LOUIS BOTHA
17 TUIS	SENTRAAL
24 TUIS	LANDBOUDAL
31 WEG	DIAMANTVELD

JULIE

26 WEG	WITTEBERG

AUG/SEPT

02 TUIS	GOUDVELD
09 TBC	LIGA SEMI-FINAAL
09 TBC	LIGA FINAAL

SUPERSPORT SCHOOLS

KONICA MINOLTA

KovsieSport UFS

RUGBY

SPORT

JF VS. BURGERSDORP

Saterdag, 8 Maart 2025

Uitslae

Rugby JF vs. Burgersdorp	
O/14	28 - 7
O/15	36 - 0
O/16	57 - 7
Tweede span	27 - 7
Eerste span	36 - 14

Netbal JF vs. Burgersdorp	
O/14 A	27 - 8
O/14 B	14 - 2
O/16 A	20 - 13
O/16 B	21 - 4
O/16 C	19 - 2
Derde span	40 - 1
Tweede span	20 - 6
Eerste span	47 - 20

Hokkie (Dogters) JF vs. Burgersdorp	
Tweede span	2 - 1
Eerste span	2 - 0

SPORT

LEKKER ETES TEEN BEKOSTIGBARE PRYSE!

HUIS ANTON VAN WYK BIED VARS, SMAAKVOLLE KOSHUISETES ÉN ETES VIR SPESIALE GELEENTHEDE!

MIDDAGETE: SLEGS R30
AANDETE: SLEGS R50

ONS VOORSIEN OOK SPYSKAARTE VIR FUNKSIES, VERGADERINGS EN ANDER SPESIALE OOMBLIKKE.

Huis Anton van Wyk

KONTAK ANNETTE MAARTENS VIR MEER INLIGTING EN BESTELLINGS:
084 886 7419
ANNETTEMAARTENS@JIMFOUCHEHS.CO.ZA

JOU HUIS WEG VAN DIE HUIS!

PRYSLYS

#trotsJF

LANGMOU TOP MET KORT "ZIP"

R500

WIT KORTMOU KATOENHEMP

R460

GOLFERS: KORTMOU

R320

PETTE

R155

VISOR

R150

LIP BALM

R30

BESTEL OP KARRI

BUFF

R100

STROOIHOED

R110

JF Band R60

COMBO R170

KOMBERS

R160

150cm x 150cm

BREËRANDHOED

R230

JF-PIN

R80

NUUS UIT DIE KLEREBANK

Let asb. daarop dat die pouse-tye gedurende die toetsreeks anders is as in die kwartaal.

Gevolglik sal die Klerebanktye verander om ooreen te stem met die veranderde pouse-tye en sal as volg wees:

Elke skooldag tydens die toetsreeks (10-27 Maart)
9:35-9:55
Asook 12:05-12:20

BAIE BELANGRIK!!!

DIE KLEREBANK SAL GESLUIT WEES OP 19 EN 20 MAART!

Vir enige navrae stuur asb. 'n WhatsApp na Annemarie by 0827753635.

HET JY AL JOU NUWE JF-PIN?

R80

Bestel en betaal op karri

karri

POWERED BY NEDBANK

Oester JF
Die storie agter die stories
Volg ons op

JF SE PRETGALA:
CHAOS, KLEUR EN KLIPHARDE GEES!

Skrywer:
Lisa Botha

Die kwartaal mag dalk chaoties wees, die huiswerk mag dalk ophoop en die moegheid mag intree… maar op 13 Februarie het Jim Fouché se leerders gewys dat niks hul gees kan breek nie! In groot getalle het hulle opgedaag – nie net om te kyk nie, maar om voluit deel te neem en die pawiljoen te laat lewe. Elke graad het 'n ander kleur gedra, en saam het dit soos 'n reuse-reënboog gelyk, propvol energie en opwinding.

Die swembaduitdaging? Absolute chaos – en ons het dit GELIEF! Swemmers moes 'n pool noodle tussen hul bene vasknyp terwyl hulle in hul stylvolle swartsak-uitrustings die swembad aangedurf het. Dit was 'n klaspanuitdaging soos min, met gelag, gespartel en 'n paar onbedoelde duike in die water!

Tussen al die gespartel van leerders het dié wat slegs vir geesbou gekom het, nie dié aand weggestap sonder dat hulle 'n nat kol iewers op hul klere gehad het nie. Vanaf al die Geronimo se dansery, asook die rasies wat die kinders nie n sekonde laat sit het nie – het al die leerders aangegaan asof hulle kon dans en sing sonder rus. Dít is was ons skool so spesiaal maak.

Die beste deel van dié geleentheid? Al was almal moeg en die kwartaal besig, het die JF-gees steeds deurgekom. Skreeuend, dansend en 100% wild, het leerders gewys hoekom ons skool die beste is. As dit is hoe ons 'n besige kwartaal oorleef, dan kan ons net sê: Intergala 2025? Bring dit!

Oester F
Die storie agter die stories
Volg ons op

RUGBY:PA-EN -SEUN AAND

Fotograaf: Owen Norvel